*Plaas yskasmagneet hier*

*Plaas yskasmagneet hier*

# Bewaar en Gebruik

Ons het 'n land nodig waar vroue se sienswyse in ag geneem moet word. Om 'n lewendige en suksesvolle samelewing te bou benodig ons die talente, kreatiwiteit en intellek van elke man en vrou.

Hierdie bladsy bevat belangrike inligting vir elke vrou. Daarom sal dit 'n goeie idee wees om dit te bewaar en ook te bespreek. Dit handel oor die beperkinge wat vroue verhoed om hul volle potensiaal te bereik en ook hoe om hierdie beperkinge te oorkom.

Die Nasionale Vrouekoalisie is gestig om 'n ondersoek te loots na die status van alle vroue en om in hierdie tyd van veranderings, die geleentheid aan te gryp om vir vroue te beding.

Die resultaat van ons gesprekvoeringe en navorsing het gelei tot 'n Vroue-Manifes vir Doeltreffende Gelykheid. Hierdie manifes weerspieël die gevoelens en behoeftes van hedendaagse Suid-Afrikaanse vroue en word in 12 afdelings bespreek. Die volgende is 'n kort samevatting van die volledige dokument.

## GELYKHEID

Die eerste gedeelte handel oor hoe gelykheid vir vroue teweeggebring kan word aan die hand van vroue se huidige omstandighede. Volle en doeltreffende gelykheid vorm 'n integrale deel van elke afdeling wat in die Manifes bespreek word.

## DIE REG EN ADMINISTRASIE VAN GEREGTIGHEID

Die afdeling handel oor die deelname van vroue aan die regstelsel en die regverdige behandeling van vroue in die regsisteem.

## EKONOMIE

Werksgeleenthede, beroepe, besigheid, inkomstebelasting en werksvoordele, met ander woorde, alles wat op vroue se werk van toepassing is - hoe sy betaal word, hoe sy behandel word, haar vooruitsigte, erkenning aan ongetroude vroue, getroude vroue, swanger vroue en moeders, word hier aangespreek.

## ONDERWYS EN OPLEIDING

'n Aaneenlopende en lewenslange proses wat aan alle dogters en vroue beskikbaar moet wees ongeag hul omstandighede soos swangerskap, gestremdheid, huislike pligte en aantal kinders. Beleidsformulering en die bestuur van onderwys en opleiding moet toeganklik vir vroue wees.

## ONTWIKKELING, INFRASTRUKTURE EN OMGEWING

Alle natuurlike hulpbronne, en ook hulpbronne wat verskaf word, moet vir vroue toeganklik en beskikbaar wees - vanaf skoon water tot grondbesit, behuising, gesondheidsdienste en ontspanningsgeriewe.

## GEMEENSKAPSDIENSTE

Voorligting, voorkomende sorg en materiële hulp is slegs 'n paar van die dienste wat vir vroue toeganklik moet wees juis omdat vroue 'n sleutelrol speel om die algemene welstand van haar gesin en gemeenskap te verseker.

## POLITIEKE- EN BURGERLIKE LEWE

Om 'n gesonde balans in die bestuur van ons land en sy mense mee te bring moet vroue op elke vlak van besluitneming betrokke wees.

## GESINSLEWE EN VERHOUDINGS

Op hierdie ingewikkelde gebied lewer vroue 'n ongelooflike bydrae maar kry min erkenning daarvoor. Gelykheid en wedersydse respek en agting moet in alle verhoudings en gesinne teenwoordig wees.

## GEWOONTEREG, KULTUUR EN GODSDIENS

Hierdie gebruike en voorskrifte moet nie meer toegelaat word om met die status en regte van vroue in te meng nie.

## GEWELD TEEN VROUE

Vroue se fisiese, emosionele en sosiale integriteit moet deur die reg en deur toepaslike dienste, beskerm word.

## GESONDHEIDSORG

Vroue se gesondheidsbehoeftes in hulle onderskeie lewensomstandighede wat basiese dienste soos mediese fondse, sanitasie en skoon water insluit, word hier aangespreek.

## MEDIA

Vroue se bydrae tot die private en openbare ewe moet positief in die media weergegee word negatiewe uitbeeldings van vroue moet teengestaan word.

*Wys jou ondersteuning vir hierdie Manifes. Skryf asseblief aan die Nasionale Vrouekoalisie. Posbus 62319, Marshalltown, 2107.*

*Plaas yskasmagneet hier*

**NASIONALE VROUEKOALISIE** WNC

*Verryk ons Samelewing - Streef na Gelykheid*